THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R2,00 ◇ Other countries: R2,25
Verkoopprys: R2,00 ◇ Buitelands: R2,25

Vol. 3 PRETORIA, 7 NOVEMBER 1997 No. 411

## GENERAL NOTICE
## ALGEMENE KENNISGEWING

### NOTICE 3450 OF 1997

### KEMPTON PARK/TEMBISA METROPOLITAN LOCAL COUNCIL

### STREET TRADING BY-LAWS

The Member of the Executive Council for Finance and Economic Affairs hereby publishes, for public information, by-laws regarding street trading, which he has approved in terms of section 6A of the Businesses Act, 1991 (Act No. 71 of 1991).

**P. J. MOLEKETI**
**MEC: Finance and Economic Affairs**

## KEMPTON PARK/TEMBISA METROPOLITAN LOCAL COUNCIL

## STREET TRADING BY-LAWS

***LIST OF SECTIONS***


1. Definitions.
2. Freedom to trade.
3. General conduct.
4. Cleanliness.
5. Obstruction of pedestrians.
6. Obstruction of vehicular traffic.
7. Trading restricted to specified hours, specified goods or services, demarcated stands/areas in certain places.
8. No trading in stands or areas which have been let except by the lessee.
9. No trading near certain public buildings, places of worship and national monuments.
10. No trading in prohibited areas.
11. Trading near residential buildings.
12. Trading near certain business premises.
13. Signs indicating restriction and areas.
14. Vending of newspapers and flowers.
15. Removal and impoundment.
16. Offences.
17. Penalties.
18. Vicarious liability of persons carrying on business of street trading.
19. Vicarious liability of employees.
20. Repeal of by-laws.


### DEFINITIONS

**1.** (a) In these By-laws, unless the context otherwise indicates—

**"authorised official"** means an official/agent of the Local Authority authorised to implement the provisions of these By-laws, and "officer" shall have a corresponding meaning.

**"garden or park"** means a garden or park as contemplated in terms of section 63 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939);

**"goods"** referred to any goods which are used for trading purposes, but it does not include the following:

Fresh meat or related products of meat, diary products and raw food products, as well as any life stock, gas, gas bottles, 12 volt and bigger batteries, generators, diesel, paraffin, petrol/fuel or oil, fat or flammable substances, fire works and alcoholic beverages;

**"intersection"** means an intersection as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989);

**"litter"** includes any container or other matter which has been discarded, abandoned or left behind by a person trading or his/her customers;

## KEMPTON PARK/TEMBISA METROPOLITAANSE PLAASLIKE RAAD

## STRAATHANDELVERORDENINGE

***LYS VAN ARTIKELS***


1. Woordomskrywing.
2. Vryheid om handel te dryf.
3. Algemene optrede.
4. Sindelikheid.
5. Belemmering van voetgangers.
6. Versperring van voertuigverkeer.
7. Handeldryf beperk tot spesifieke ure, gespesifiseerde goedere of dienste, afgebakende staanplekke of gebiede/sekere plekke.
8. Geen handeldryf, buiten deur huurder, op staanplekke of gebiede wat verhuur is.
9. Geen handeldryf naby sekere openbare geboue, plekke van aanbidding of nasionale gedenkwaardighede.
10. Geen handel in verbode gebiede.
11. Handeldryf naby residensiële geboue.
12. Handeldryf naby sekere besigheidspersele.
13. Tekens wat beperkings en gebiede aandui.
14. Verkoop van koerante en blomme.
15. Verwydering en skutting.
16. Misdrywe.
17. Strawwe.
18. Middellike aanspreeklikheid van persone wat besighede van straathandel bedryf.
19. Middellike aanspreeklikheid van werkers.
20. Herroeping van verordeninge.


### WOORDOMSKRYWINGS

**1.** (a) In hierdie Verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

**"beperkte gebied"** enige plek wat ingevolge artikel 6A (2) van die Wet deur 'n besluit van die Plaaslike Bestuur tot 'n gebied verklaar is en waarin straathandel beperk word;

**"die Wet"** die Wet op Besighede 1991 (Wet No. 71 van 1991), soos van tyd tot tyd gewysig;

**"eiendom"**, met betrekking tot 'n persoon wat die besigheid van straathandel bedryf, enige artikel, houer, voertuig of struktuur wat in verband met sodanige besigheid gebruik word of bestem is om gebruik te word en omvant goedere waarin hy/sy handel dryf;

**"goedere"** enige goedere vir handel bedoel maar sluit die volgende uit:

Vars vleis of aanverwante produkte van vleis, suiwel produkte en rou kosprodukte, asook enige lewende hawe, gas, gasbottels, 12 volt-batterye en groter batterye, kragopwekkers, diesel, parafien, petrol of olie, vet of vlambare stof, vuurwerke en alkoholiese verversings;

**"gemagtigde beampte"** 'n beampte/agent van die Plaaslike Bestuur wat gemagtig is om die bepalings van hierdie Verordeninge te implementeer, en "beampte" het dieselfde betekenis;

**"national monument"** means a building declared to be a national monument under the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969);

**"prohibited area"** means any place declared or to be declared under section 6A (2) of the Act by Local Authority Resolution to be an area in which street trading is prohibited;

**"property"**, in relation to a person carrying on the business of street trading, means any article, recepticale, vehicle or structure used or intended to be used in connection with such business and includes goods in which he/she trades;

**"public building"** means a building belonging to or occupied solely by the State or the Local Authority;

**"public place"** means a public place as defined in section 2 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939);

**"public road"** means a public road as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989);

**"restricted area"** means any place declared under section 6A (2) of the Act by resolution of the Local Authority to be an area in which street trading may be restricted;

**"sell"** includes supply to and also—

(a) exchange or hire;

(b) store, expose, offer or prepare for sale,

and "sale" has a corresponding meaning;

**"sidewalk"** means a sidewalk as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989);

**"trader"** means a person selling from a table, stand, structure, erf, stall on a pavement or any other place identified by the Council with a valid Kempton Park Tembisa Walkers Identification Card, which has not expired for any reason whatsoever and that is displayed on his/her person;

**"Local Authority"** means the Kempton Park/Tembisa Metropolitan Local Council and includes the Executive Committee of the Local Authority, acting by virtue of any power vested in the Local Authority in connection with these By-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960);

**"the Act"** means the Businesses Act, 1991 (Act No. 71 of 1991), as amended from time to time;

**"trade"** means the selling of goods or services in a public road or public place, and "trading" has a corresponding meaning;

**"verge"** means a verge as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989).

(b) For the purpose of these By-laws a single act of selling in or at a public place shall constitute trading.

**"handel"** om goedere of dienste op 'n openbare pad of openbare plek te verkoop en "handeldryf" het 'n ooreenstemmende betekenis;

**"handelaar"** 'n persoon wat goedere verkoop vanaf 'n tafel, struktuur, perseel, erf of stalletjie op 'n sypaadjie of enige ander plek soos aangedui deur die Raad, met 'n geldige Kempton Park/Tembisa Smous Identifikasie Kaart wat nie verval het as gevolg van die een of ander rede nie, en wat aangetoon word op sy/haar persoon;

**"kruising"** 'n kruising soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989);

**"nasionale gedenkwaardigheid"** 'n gebou wat ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is;

**"openbare gebou"** 'n gebou wat behoort aan, of geokkupeer word alleenlik deur, die Staat of die Plaaslike Bestuur;

**"openbare pad"** 'n openbare pad soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989);

**"openbare plek"** 'n openbare plek soos omskryf in artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939);

**"rommel"** ook enige houer of ander goed wat weggegooi, geabandonneer of agergelaat is deur 'n persoon wat handel dryf of deur sy klante;

**"ryvlak"** 'n ryvlak soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989);

**"soom"** 'n soom soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989);

**"Plaaslike Bestuur"** die Kempton Park/Tembisa Metropolitaanse Plaaslike Raad en omvat die Uitvoerende Komitee van die Plaaslike Bestuur op enige beampte deur die Plaaslike Bestuur in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdhede wat in verband met hierdie Verordeninge aan die Plaaslike Bestuur verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings) 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

**"sypaadjie"** 'n sypaadjie soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989);

**"tuin of park"** 'n tuin of park soos beoog in gevolge artikel 63 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939);

**"verkoop"** ook die lewering aan en ook—

(a) die uitruil of huur;

(b) stoor, uitstalling, aanbied of voorbereiding vir verkoping,

en "verkoop" het 'n ooreenstemmende betekenis.

(b) Vir die toepassing van hierdie Verordeninge maak 'n enkele daad van verkoop op 'n openbare pad of in 'n openbare plek handeldryf uit.

## FREEDOM TO TRADE

2. Subject to the provisions of sections 3 and 4 and any other law, street trading is permitted except in so far as such trading is restricted or prohibited by section 5 to 12.

## GENERAL CONDUCT

3. A person trading shall—

(a) not place his/her property on a verge or public place except for the purpose of commencing to trade;

(b) ensure that his/her property does not cover an area of a public road or public place which is greater in extent than 1,2 m × 1 m unless written permission for a greater area is obtained from the Local Authority;

(c) shall not arrange pack his/her property in such a manner that will endanger or inhibit any traffic on a public road;

(d) shall not erect an unsightly structure from which to conduct business;

(e) not obstruct access to a fire hydrant;

(f) on concluding business for the day remove his/her property, except any structure permitted by the Local Authority, to a place which is not part of a public road or public place;

(g) not display his/her goods or other property on a building or other private property, without the consent of the owner in control of such building or property;

(h) on request by an authorised official/agent or any supplier of telecommunication or electricity or other services move his/her property so as to permit the carrying out of any work in relation to a public road, public place or any such service;

(i) not attach any object by any means to any building, structure, pavement, tree, parking meter, lamp post, electricity pole, telephone booth, post box, traffic sign, traffic light poles, bench or any other street furniture in or on a public road or public place;

(j) not make a fire at a place or in circumstances where it could harm any person or damage a building or vehicle or any street furniture referred to in paragraph (i) or any property;

(k) not store his/her property in a manhole or drainage system or storm-water drain, bus shelter, public toilet or tree;

(l) shall not display his/her goods in such a manner that will cause an obstruction, possible injury or damage.

## CLEANLINESS

4. A person trading shall—

(a) keep his/her property and the area or site occupied by him/her for the purpose of such business in a clean and sanitary condition;

## VRYHEID OM HANDEL TE DRYF

2. Behoudens die bepalings van artikels 3 en 4 en enige ander wet, word handeldryf op straat toegelaat behalwe waar sodanige handel beperk of verbied word ingevolge artikels 5 to 12

## ALGEMENE OPTREDE

3. Iemand wat handel dryf—

(a) mag nie sy/haar eiendom op die soom of 'n publieke plek plaas nie, behalwe vir die doel om met handeldryf te begin nie;

(b) moet toesien dat sy/haar eiendom nie 'n oppervlakte groter as 1,2 m × 1 m van 'n openbare pad of openbare plek beslaan nie, behalwe as geskrewe toestemming vanaf die Plaaslike Bestuur bekom is om 'n groter oppervlakte te beslaan;

(c) mag nie sy/haar eiendom op so 'n wyse plaas of pak dat dit 'n gevaar of belemmering vir enige verkeer sal inhou op 'n openbare pad;

(d) mag nie 'n onooglike struktuur oprig vanwaar handel gedryf word nie;

(e) mag nie toegang tot 'n brandkraan versper nie;

(f) moet, na afloop van die dag se besigheid sy/haar eiendom, buiten enige struktuur wat deur die Plaaslike Bestuur toegelaat word, verwyder na 'n plek wat nie deel van 'n openbare pad of openbare plek uitmaak nie;

(g) mag nie sy/haar goedere of ander eiendom voor 'n gebou of ander privaat eiendom uitstal sonder die toestemming van die eienaar in beheer van sodanige gebou of eiendom nie;

(h) moet op versoek van 'n gemagtigde beampte/agent of enige verskaffer van telekommunikasie- of elektrisiteits- of ander dienste, sy eiendom verskuif sodat enige werk in verband met 'n openbare pad, openbare plek of enige sodanige diens verrig kan word;

(i) mag nie enige voorwerp op enige wyse aan enige gebou, struktuur, sypaadjie, boom, parkeermeter, lamppaal, kragpaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeublement in of op 'n openbare pad of openbare plek vasmaak nie;

(j) mag nie vuurmaak op 'n plek of in omstandighede waar dit 'n besering aan enige persoon of skade aan 'n gebou of voertuig of enige straatmeublement waarna daar in paragraaf (i) verwys word of enige eiendom kan veroorsaak nie;

(k) mag nie enige eiendom in 'n mangat of behuising, dreineringstelsel of stormwatervoor, busafdak, publieke toilet of boom opberg nie;

(l) mag nie sy/haar goedere of eiendom op so 'n manier uitstal dat dit 'n obstruksie of moontlike bersering of skade kan veroorsak nie.

## SINDELIKHEID

4. Iemand wat handeldryf—

(a) moet die gebied of terrein wat deur hom/haar vir die doeleindes van sodanige besigheid geokkupeer word, in 'n skoon en sanitêre toestand hou;

(b) dispose of litter generated by his/her business in whatever receptacles provided by the Local Authority, including recycling and dumping sites, and not dispose of litter in a manhole, storm-water drain or other place not intended for the disposal of litter;

(c) ensure that on completion of business or while trading/trade is being entered in to for the day, the area or site occupied by him/her for the purpose of trade if free of litter;

(d) take such precautions as may necessary to prevent the spilling onto a public road or public place of any fat, oil grease or other substance in the course of conducting his/her business and to prevent any smoke, fumes, odours, or noise emanating from his/her activities from becoming a nuisance;

(e) on request by an authorised official/agent, move his/her property so as to permit the cleansing of the surface of the area or site where he is trading.

**OBSTRUCTION OF PEDESTRIANS**

**5.** No person shall trade at a place where such trading—

(a) obstructs access to or the use of street furniture such as a bus passenger bench or shelter or queuing line, a refuse disposal bin or other facility intended for the use of the general public;

(b) obstructs the visibility of a display window in business premises, if the person carrying on business in the business premises concerned, objects thereto;

(c) (i) shall not be within 20 m from a bank or bank-teller machine;

(ii) shall not be within 2 metres from any entrance of exit of a building;

(iii) shall not be closer than 5 metres from an intersection of pedestrian crossing;

(d) trading shall not be conducted on a side walk which side walk is not broader than 2,8 m, whereof 1,8 m shall be clear for pedestrian traffic.

**OBSTRUCTION OF VEHICULAR TRAFFIC**

**6.** No person shall trade at a place where such trading—

(a) causes an obstruction on a roadway;

(b) limits access to parking or loading bays or other facilities for vehicular traffic;

(c) obscures any road traffic sign or marking, or any other marking, notice or sign displayed or made in terms of these By-laws;

(d) interferes in any way which any vehicle that may be parked alongside such place; or

(e) obscures or impedes the view of any road user to see the road, any traffic sign or any other road user.

(b) moet behoorlik ontslae raak van rommel wat deur sy/haar besigheid gegenereer word, in sodanige fasiliteite wat deur die Plaaslike Bestuur voorsien word, insluitende herwinnings- en stortingsterreine, en mag nie met rommel wegdoen in 'n mangat, stormwatervoor of ander plek wat nie vir die wegdoening van rommel bedoel is nie;

(c) moet na afloop van die dag se besigheid of terwyl handel gedryf word, toesien dat die gebied of terrein wat deur hom/haar vir die doeleindes van handel geokkupper word, vry van rommel is;

(d) sodanige voorsorgmaatreëls tref wat nodig is om te voorkom dat enige vet, olie, smeermiddel of ander substans in die loop van die bedryf van sy besigheid op 'n openbare pad of openbare plek gestort word en om te voorkom dat enige rook, gasse, reuke, geraas wat deur sy aktiwiteite veroorsaak word 'n oorlas word;

(e) moet op versoek van 'n gemagtigde beampte/agent sy/haar eiendom verskuif sodat die oppervlak van die gebied of terrein waar hy handel dryf, gereinig kan word.

**BELEMMERING VAN VOETGANGERS**

**5.** Niemand mag op 'n plek handel dryf waar sodanige handel dryf—

(a) toegang tot of die gebruik van staatmeublement soos 'n buspassasiersbankie of skuiling of tou-staanlyn, 'n rommelblik of ander fasiliteit wat vir die gebruik van die algemene publiek bestem is, versper;

(b) die sigbaarheid van 'n vertoonvenster in besigheidspersele versper as die persoon wat in die betrokke besigheidsperseel 'n besigheid bedryf, daarteen beswaar maak;

(c) (i) binne 20 m vanaf enige bank of bankteller-masjien, is nie;

(ii) binne 2 meter vanaf 'n ingang of uitgang van 'n gebou is nie;

(iii) nader as 5 meter vanaf 'n kruising of voetoorgang;

(d) op 'n sypaadjie plaasvind, welke sypaadjie minder as 2,8 m breed is nie, waarvan 1,8 m van die sypaadjie oopgelaat moet word vir voetgangerverkeer.

**VERSPERRING VAN VOERTUIGVERKEER**

**6.** Niemand mag op 'n plek handel dryf waar sodanige handel dryf—

(a) 'n versperring op 'n ryvlak veroorsaak;

(b) voertuigtoegang tot parkeer- of ryvlakke of ander fasiliteite vir voertuig verkeer versper;

(c) enige padverkeersteken of enige padmerk, kennisgewing of teken wat ingevolge hierdie Verordeninge vertoon word of gemaak is, versper;

(d) op enige manier inmeng met enige voertuig wat langs sodanige plek geparkeer is; of

(e) die uitsig belemmer van padgebruikers om die pad, verkeerstekens en ander padgebruikers te sien.

**TRADING RESTRICTED TO SPECIFIED HOURS, SPECIFIED GOODS OR SERVICES OR DEMARCATED STANDS/AREAS IN CERTAIN PLACES**

7. No person shall trade—

(a) on a verge contiguous to any place of worship, national monument or public building; or

(b) in a restricted area, which is specified by Local Authority Resolution, compiled according to the consultation process outlined in section 6A (2) (a) to (j) of the Act, outside the hours and with goods or services so specified in relation to each such garden, park verge, stand or area.

**NO TRADING ON STANDS OR AREAS WHICH HAVE BEEN LET EXCEPT BY THE LESSEE**

8. If the Local Authority has let or otherwise allocated any stand or area set apart or otherwise established for street trading purposes, as contemplated in section 6A (3) (c) of the Act, no person may trade on such stand or in such area if he/she is not in possession of proof that he/she has hired such stand or area from the Local Authority or that it has otherwise been allocated to him/her.

**NO TRADING NEAR CERTAIN PUBLIC BUILDINGS, PLACES OF WORSHIP AND NATIONAL MONUMENTS**

9. No person shall trade on a verge contiguous to any place of worship, national monument or public building which is specified by Local Authority Resolution, compiled according to the consultation process outlined in section 6A (2) (a) to (j) of the Act, unless he/she obtains written consent from the Local Authority, which consent shall not be unreasonably withheld.

**NO TRADING IN PROHIBITED AREAS**

10. No person shall trade in any prohibited area.

**TRADING NEAR AND IN RESIDENTIAL AREAS OR RESIDENTIAL BUILDINGS**

11. No person shall conduct trade—

(1) outside an area that is allocated for street trade;

(2) in or close to a residential area, park, open space, area or structure in a residential area.

**TRADING NEAR CERTAIN BUSINESS PREMISES**

12. No person shall trade on a verge contiguous to that part of a building in which business is being carried on by any person who sells goods of the same nature as or of a similar nature to goods being sold by the first-mentioned person, without the consent of the latter person.

**SIGNS INDICATING RESTRICTION AND AREAS**

13. The local Authority may—

(a) by resolution, after consultation with all interested parties, prescribe signs, markings or other devices approved by the Premier indicating—

**HANDELDRYF BEPERK TOT SPESIFIEKE URE, GESPESIFISEERDE GOEDERE OF DIENSTE, AFGEBAKENDE STAANPLEKKE OF GEBIEDE/SEKERE PLEKKE**

7. Niemand mag handel dryf—

(a) op 'n soom aangrensend aan enige plek van aanbidding, nasionale gedenkwaarheid of openbare gebou;

(b) in 'n beperkte gebied, wat nadat die konsultasieproses soos uiteengesit in artikel 6A (2) (a) tot (j) van die Wet gevolg is, deur 'n besluit van die Plaaslike Bestuur aldus gespesifiseer is, buite die ure, goedere of dienste wat ten opsigte van elke sodanige soom of gebied aldus gespesifiseer is, handel dryf nie.

**GEEN HANDELDRYF, BUITEN DEUR HUURDER, OP STAANPLEKKE OF GEBIEDE WAT VERHUUR IS**

8. Indien die Plaaslike Bestuur enige staanplek of gebied wat vir straathandeldoeleindes opsygesit of andersins opgerig is, soos in artikel 6A (3) (c) van die Wet bedoel, verhuur of andersins toegewys het, mag niemand op sodanige staanplek of in sodanige gebied handel dryf as hy/sy nie in besit is van bewys dat hy/sy sodanige staanplek of gebied by die Plaaslike Bestuur gehuur het of dat dit andersins aan hom toegewys is nie.

**GEEN HANDELDRYF NABY SEKERE OPENBARE GEBOUE, PLEKKE VAN AANBIDDING OF NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE**

9. Niemand mag op 'n soom aangrensend aan enige plek van aanbidding, nasionale gedenkwaardigheid of openbare gebou wat deur 'n Besluit van die Plaaslike Bestuur gespesifiseer is, nadat die konsultasieproses soos uiteengesit in artikel 6A (2) (a) tot (j) van die Wet gevolg is nie, tensy hy/sy die geskrewe toestemming van die Plaaslike Bestuur verkry het, welke toestemming nie onnodiglik weerhou sal word nie, handel dryf nie.

**GEEN HANDEL IN VERBODE GEBIEDE**

10. Geen persoon mag handel dryf in enige verbode gebied nie.

**HANDEL DRYF NABY OF IN 'N RESIDENSIËLE AREA OF GEBOU**

11. Geen persoon sal handel dryf—

(1) buite 'n area wat aangewys is vir straathandel;

(2) in, of naby 'n residensiële area, park of oopruimte, gebied of struktuur in 'n residensiële area.

**HANDEL DRYF NABY SEKERE BESIGHEIDSPERSELE**

12. Niemand mag handel dryf op 'n soom aangrensend aan daardie deel van 'n gebou waarin besigheid bedryf word deur 'n persoon, wat goedere verkoop wat van dieselfde of 'n soortgelyke aard is as goedere wat deur laasgenoemde persoon verkoop word, sonder die toestemming van eersgenoemde persoon nie.

**TEKENS WAT BEPERKINGS EN GEBIEDE AANDUI**

13. Die Plaaslike Bestuur kan—

(a) by besluit tekens, na konsultasie met die betrokke partye, merke of ander toestelle wat deur die Premier goedgekeur is voorskryf wat die volgende aandui:

(i) specified hours, places, goods or services in respect of which street trading is restricted;

(ii) the location or boundaries of a restricted area;

(iii) the boundaries of a stand or area set apart for the purpose of the carrying on of the business of street trading under section 6A (3) (b) of the Act.

VENDING OF NEWSPAPERS AND FLOWERS

**14.** (1) Notwithstanding any other provision of these By-laws and unless an intersection is otherwise specified by Council resolution as a prohibited or restricted area no person other than a person who sells newspapers and flowers may carry on business on any sidewalk within 5 metres from any intersection.

(2) No person who sells newspapers shall deposit his wares upon the ground or surface of any public place for the purpose of sale otherwise than in an orderly pile neatly stacked and not exceeding 1 m in length, measured parallel to the kerb or roadway, 450 mm in width and 500 mm in height above the sidewalk level.

REMOVAL AND IMPOUNDMENT

**15.** (1) An authorised official may remove and impound any goods, article, receptacle, vehicle or movable structure—

(a) which he reasonably suspects is being used or intended to be used or has been used in or in connection with street trading; and

(b) which he/she finds at a place where street trading is restricted or prohibited in terms of section 5 to 14 inclusive of these by-laws and which in his/her opinion, constitutes an infringement of any such section; whether or not such goods article, receptacle, vehicle or movable structure is in the possession or under the control of any person at the time of such removal or impoundment.

(2) The Council shall not be liable for compensation to any person for damages arising out of the damage to or the loss of any object removed in terms of subsection (1) of the sale thereof by public auction and the owner of such object shall have no claim or right of redress against the Council should such object be handed out in good faith to a person other than the owner thereof.

OFFENCES

**16.** Any person who contravenes a provision of these By-laws shall be guilty of an offence.

PENALTIES

**17.** Any person who is guilty of an offence in terms of these By-laws shall on conviction be liable to a fine or to imprisonment for a certain period as stipulated in the Act.

(i) Gespesifiseerde ure, plekke, goedere of dienste ten opsigte waarvan straathandel beperk word;

(ii) die ligging of grense van 'n beperkte gebied;

(iii) die grense van 'n staanplek of gebied wat opsygesit is vir die doeleindes van die bedryf van die besigheid van straathandel ingevolge artikel 6A (3) (b) van die Wet.

VERKOOP VAN KOERANTE EN BLOMME

**14.** (1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Verordeninge en tensy 'n kruising andersins by raadsbesluit gespesifiseer is as 'n verbode of beperkte gebied, mag niemand anders as 'n persoon wat koerante en blomme verkoop, 'n besigheid op enige sypaadjie binne 5 meter van enige kruising bedryf nie.

(2) Niemand wat koerante verkoop mag sy ware op die grond of op die oppervlakte van enige openbare plek neersit met die doel om dit te verkoop nie behalwe in 'n ordelike stapel wat netjies gepak en, ewewydig met die randsteen of ryvlak gemeet, hoogstens 1 m lank, 450 mm breed en 500 mm hoog bokant die sypaadjievlak is.

VERWYDERING EN SKUTTING

**15.** (1) 'n Gemagtigde Beampte kan enige goedere, artikel, houer, voertuig of beweegbare struktuur verwyder en skut—

(a) wat hy rederlikerwys vermoed gebruik word of bestem is om gebruik te word of gebruik is in verband met straathandel; en

(b) wat hy vind op 'n plek waar straathandel ingevolge artikels 5 tot 14 van hierdie verordeninge beperk of verbied is en waar, na sy oordeel, 'n oortreding van sodanige artikel uitmaak ongeag of enige sodanige goedere, artikel, houer voertuig beweegbare struktuur in besit of onder die beheer van enige persoon is ten tye van sodanige verwydering of skutting.

(2) Die Raad is nie aanspreeklik vir vergoeding aan enige persoon vir skade wat ontstaan uit die beskadiging of verlies van enige voorwerp wat ingevolge subartikel (1) verwyder word of vir die verkoop daarvan op 'n openbare veiling nie en die eienaar van sodanige voorwerp het geen eis teen of verhaalsreg op die Raad indien sodanige voorwerp ter goeder trou aan 'n ander persoon as die eienaar daarvan oorhandig nie.

MISDRYWE

**16.** Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordeninge oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

STRAWWE

**17.** Iemand wat ingevolge hierdie Verordeninge aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf soos in die Wet uitgespel

### VICARIOUS LIABILITY OF PERSONS CARRYING ON BUSINESS OF STREET TRADING

**18.** When an employee of a person conducting the business of street trading does or omit to do any act which would be an offence in terms of these By-laws for that person to do or omit to do, that person shall be deemed himself/herself to have done or omitted to do the act, unless he/she satisfies the court that—

(a) he/she neither connived at nor permitted the act or omission by the employee concerned;

(b) he/she took all reasonable steps to prevent the act or ommission; and

(c) the act or omission, did under no circumstances fall within the scope of the employment of the employee concerned and the fact that a person issued instructions whereby an act or omission of that nature is prohibited shall not in itself be sufficient proof that he/she took all reasonable steps to prevent the act or omission.

### VICARIOUS LIABILITY OF EMPLOYEES

**19.** When a person carrying on the business of street trading is by virtue of Section 18 liable for an act or ommission by an employee of that person, that employee shall also be liable as if he/she was the person carrying on the business concerned.

### REPEAL OF BY-LAWS

**20.** Any Street Trading by-law which previously applied in terms of the licensing and business control, is hereby repealed.

**Chief Executive.**

### MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN PERSONE WAT BESIGHEDE VAN STRAATHANDEL BEDRYF

**18.** Waaneer 'n werker of 'n persoon wat die besigheid van straathandel bedryf enige handeling verrig wat ingevolge hierdie Verordeninge 'n oortreding is, sal benewens die aanspreeklikheid van sodanige werknemer, geag word deur die werkgewer self gepleeg te gewees het tensy sodanige werkgewer die hof kan oortuig dat—

(a) hy/sy nie saamgesweer of toegestem het tot die pleging van sodanige handeling of versuim deur die betrokke werknemer nie;

(b) hy/sy alle redelike stappe geneem het om sodanige handeling of versuim te voorkom; en

(c) sodanige handeling of versuim onder geen omstandighede binne die raamwerk van die betrokke werknemer se indiensneming geval het nie en die feit dat die persoon opdrag gegee het waarby enige handeling van sodanige aard verbied word, word nie opsigself aanvaar as voldoende bewys dat alle stappe geneem is om die handeling te voorkom nie.

### MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN WERKNEMER

**19.** Wanneer 'n persoon wat op straat handel dryf in terme van Artikel 18 aanspreeklik is vir 'n oortreding deur 'n werknemer, sal die werknemer ook aanspreeklik wees asof hyself/syself die betrokke handel gedryf het.

### HERROEPING VAN VERORDENINGE

**20.** Enige Straathandelverordeninge wat voorheen van toepassing was en verband hou met lisensiëring en besigheidsbeheer ten opsigte van informele handel, word hiermee herroep.

**Uitvoerende Hoof.**

## CONTENTS • INHOUD


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GENERAL NOTICE** | | |
| 3450 | Business Act (71/1991): Kempton Park/Tembisa Metropolitan Local Council: Street Trading By-laws | 1 | 411 |


Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg